

Inhoud Preek Efesiërs 4 Vader woon drie eenheid Vreemdelinge. Ds. Petrus Kriel. Hierdie preek wys dat God die Vader sy kerk sy woonplek maak deur sy kinders in al sy seëninge as Vader te laat deel. Dit staan teenoor die afgodsdienste van die moderne Christelike waar mense se lywe 'n goddelike gees se blyplek word wat valslik die doop of vervulling met God se Gees genoem word. Mense moet hulself van hul menslikheid leeg maak om vir hierdie goddelike gees 'n blyplek te wees. Die Vader maak sy kinders nie deur die Heilige Gees leë mense nie, maar vervul hulle met die volheid van sy liefde en genade sodat hulle vervul is met liefde vir Hom as God die Vader. Hierdie goddelike gees wat mense leeg maak, is die gees van die kinders van ongehoorsaamheid. Dit is 'n vaderlose gees.

Skriflesing Efesiërs 1: 3 – 14; 2: 19 – 22; 4: 3 – 6.

Teks Efesiërs 2: 22: “In Hom word julle ook saam opgebou tot woonplek van God deur die Gees.

Tema God die Vader woon in die liggaam van Christus deur Gees

1. God die Vader skep vir Homself 'n woning, sy kerk. Ons gee nie vir God 'n blyplek in ons lyf, siel of gees nie.

Die woord “woonplek” in ons teksvers beteken om vir jou 'n tuiste te maak en jou tuis te maak. Dit is presies wat die apostel Johannes aankondig in die sin: “En die Woord het mens geword en onder ons kom woon.” (Joh. 1: 14) Daarom beteken die woord “woon” om jouself tuis te wees.

God die Vader maak Homself as Vader tuis met sy kinders!

Die diepste geestelike dwaling van afgodsdienste in die Christelike kerke vandag is dat dit nie God die Vader is wat sy kerk sy tuiste maak nie, maar mense wat hulle self 'n blyplek maak vir 'n goddelike gees.

Kom ons kyk vanoggend na hierdie verskil: hoe God die Vader sy kerk sy tuiste maak teenoor hoe mense hul lywe, siel en gees 'n blyplek vir 'n goddelike gees maak!

2. Die brief Efesiërs verkondig God drie-enig – Vader, Seun en Heilige Gees!

Die opsomming van die evangelie in hoofstuk 1: 1 – 14 openbaar dat God die Vader uitverkies, aanneem, voorbestem, begunstig, bevry, skenk, bekend maak en versamel, in Christus deur die Gees as verseëling en waarborg.

God die Vader woon in die liggaam van Christus deur Gees

Hierdie is die openbaring van alles wat oor God gesê word in die boek Efesiërs, uit die Vader, in die Seun, deur die Gees!

Paulus som die evangelie in hoofstuk 4 verse 4 tot 6 ook so op: Dit is een liggaam en een Gees, een Here, een geloof, een doop een God en Vader van almal, Hy wat oor almal en deur almal en in almal is. Hierdie aankondiging stel weer hoe ons kerk is deur God drie-enig: een liggaam en een Here is wie Jesus Christus is, een Gees en een God en Vader. Deur die Vader, Seun en Gees is ons kerk met een hoop, een geloof en een doop.

Dit is ook die inhoudelike betekenis van ons teksvers: “In Hom word julle ook saam opgebou tot woonplek van God deur die Gees.” God dui hier op God die Vader. Daarom kan ons die sin só uitlê: In Christus word ons saam opgebou tot woonplek van God die Vader deur die Heilige Gees.

3. Wie woon?

Ek het vir u verlede week uit Kolossense gewys dat die Vader nie die liggaam is nie en ook nie die Gees nie. Net Christus is die liggaam wie Hy die kerk laat wees, want die Vader en die Heilige Gees het nie mens geword nie.

Volgens hierdie vers 22 wie woon, die Vader, die Seun of die Gees?

Dit is mos baie duidelik in hierdie sin: “In Hom (Christus) word julle saam opgebou tot woonplek van God (Die Vader) deur die Gees (Heilige Gees). Paulus stel in 4 vers 4: “Dit is een liggaam en een Gees”, bedoelende die Heilige Gees is die Gees wie ons opbou as kerk deur ons in te sluit en te laat deel in wie Jesus liggaamlik vandag in die hemel is, mens!

Dit is volgens vers 22 onbetwisbaar die Vader wat die liggaam wat die Gees deur Christus opbou, sy woonplek maak. God die Vader maak in Christus deur die Gees die kerk sy woonplek.

Wat is die kerk nie?

Die kerk, Christus se liggaam is nie die woonplek van die Heilige Gees nie. Die woord wat in hierdie vers as woonplek gebruik word, word net een keer in die Bybel gebruik, net hier, en dit word uitdruklik só gebruik dat die kerk as die woonplek van God die Vader aangedui word.

4. Wat is die woning wat die Vader vir Homself maak?

Dit word volledig uitgewys in die opsomming van die inhoud van die evangelie in Efesiërs 1: 1 – 14. Die eerste sin som die geheel van hoe God die Vader Christus se

God die Vader woon in die liggaam van Christus deur Gees

liggaam sy woning maak op in hierdie sin: “Lofwaardig is die God en Vader van ons Here Jesus Christus! Dit is Hy wat ons geseën het met elke geestelike seëning in die hemel.”

Verse 4 tot 14 is dan ’n uiteensetting van al hierdie geestelike seëninge waarmee God die Vader sy kerk sy woonplek maak.

Wat God die Vader se woning is wat Hy maak word punt vir punt uitgespel in hierdie veertien verse.

- Die Vader maak sy woning deur sy kinders voor die skepping uit te verkies om hulle mense te maak wie in sy liefde heilig en onberispelik kan leef.
- Die Vader maak sy woning om deur Jesus Christus mense as sy kinders aan te neem.
- Die Vader maak sy woning deur sy kinders in sy Geliefde Seun met sy liefde as Vader te begunstig.
- Die Vader maak sy woning deur sy kinders se sondes te vergewe.
- Die Vader skenk vergifnis aan sy kinders met die wysheid en insig in die liefde waarmee Hy hulle vergewe.
- Die Vader maak die geheimenis van hoe Hy mense sy kinders maak aan sy kinders bekend.
- Die Vader maak sy woning deur bring sy kinders onder Een Hoof saam te bring.
- Die Vader maak sy woning deur kinders wat Hom loof vir die heerlijkheid van sy genade.

Die woning wat God die Vader maak, is sy kinders! God die Vader maak sy kinders sy woning! Die kerk is nie ’n menslike instelling, organisasie, vereniging, byeenkoms, vergadering, gebou of bedryf nie. Dit is God se kinders! God die Vader wie mense sy kinders maak en hulle in sy liefde laat leef sodat hulle Hom kan liefhê. Waar God die Vader, Vader vir sy kinders is en hulle kinders vir Hom is, daar woon God die Vader!

Die woning wat God die Vader maak is daarom ook nie ’n besondere plekkie iewers in die skepping waar God as God bly nie. God se woonplek is nie ’n blyplek nie vir God nie. Dit is sy kinders wie Hy maak, in sy liefde laat leef en Homself in hulle liefde verheerlik.

Daarom beteken woning om tuis te wees met! God maak Hom tuis met kinders! Deur vir Hom kinders te maak wie Hy liefhet en hulle Hom laat liefhê, skep God sy tuiste. Waar God die Vader sy kinders met alle geestelike seëninge wat daar in die hemel is, seën, daar woon God die Vader.

Dit is mos met ons ook eintlik só! Wat noem jy ’n plek waar jy alleen bly? Jy noem dit ’n woonstel, ’n huis, ’n kamer, ’n karavaan of blyplek. Want dit is al wat dit is, net ’n

God die Vader woon in die liggaam van Christus deur Gees

plek waar jy alleen bly! Jy skep 'n tuiste deur te trou en kinders te hê. Hulle is jou tuiste en woning!

God die Vader se kinders is sy tuiste en woning! Dit is hoe die apostel Johannes dit met hierdie verklaring aankondig: “Die Woord het mens geword en onder ons kom woon!” Hy het sy Vader ons Vader kom maak!

5. Hoe maak God die Vader vir Homself hierdie woning?

Dit word in die eerste sin as opsomming gegee: hierdie seëninge waarmee die Vader ons seën, is “in die hemel.” In verse 20 en 25 word dit net soos in Kolossense, waarna ons verlede week gekyk het, beskryf as die liggaam van Christus aan die regterhand van die Vader waardeur Hy Hoof is en ons lidmate van sy liggaam is.

Alles wat die Vader doen om sy tuiste te skep: uitverkies, voorbestem, begunstig, bevry, skenk en bekend maak, doen Hy “In Christus.” Hy maak sy woning in alles wie Jesus Christus as sy Seun deur sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding bewerk het. God die Vader doen dit nooit in iemand anders nie, net “In Christus.”

Net so maak God die Vader alles wat Hy doen mense se eie, deel van wat Hy deur Christus doen deur die Heilige Gees. Die Heilige Gees is altyd die Gees van die Vader en Seun. Die Heilige Gees is nie maar sommer net een of ander goddelike krag wat mense bemagtig met goddelike lewe, krag, mag, drome en idees nie. Kyk hoe beskryf Paulus die werking van die Vader deur die Gees in hoofstuk 1 vers 17: “Ek bid ... sodat julle geestesoe verhelder kan word en julle kan verstaan ... wat die onvergelykbare grootheid van sy mag is, volgens die uitwerking van sy groot krag op ons wat glo. Dié krag het Hy in Christus uitgeoefen toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan die regterhand in die hemel.”

Die Vader maak die Heilige Gees die seël en waarborg (1: 13, 14) dat Hy as Vader ons met geestelike seëning seën. Hy is die krag waardeur Christus alles bewerk het en Hy is die krag waardeur alles wat Jesus bewerk het vir ons 'n seëning.

Die Vader maak die werk van Christus ons seëninge deur die Gees. Dit is hoe die Vader sy kinders sy woning maak!

6. Wat is die verskil tussen die werke van Christus en die seëninge van die Gees?

Dit sien ons elke dag in die verskil van die werk wat ouers doen om te verdien en die seëninge waarmee hulle hul kinders versorg. Hulle werk én versorg hul kinders met hul verdienste!

Ouers werk en verdien en voorsien klere vir hul kinders. Dit is mos absurd dat ouers verdien maar kinders moet met hierdie verdienste self vir klere sorg. Net so met kos!

God die Vader woon in die liggaam van Christus deur Gees

Ouers werk en verdien en voorsien kos vir die kinders, hulle berei dit voor en sit dit voor. Ons kan dit met alles wat ouers doen van toepassing maak. Ouers verdien, koop 'n kar en ry die kinders rond. Hulle verdien nie en die kinders ry hulle self rond nie. Ouers koop staal, maak diefstaling en sit dit op. Hulle verdien en nie en koop en ouers moet dit opsit nie. Wat ouers verdien gebruik hulle om vir kinders hulle kinders mee te versorg.

Dit is wat God die Vader vir sy kinders doen, in Christus deur die Gees. Hy skep in Christus die verdienste waarmee Hy sy kinders deur die Gees versorg.

Die Heilige Gees wat beloof is, is die Gees van al God se verbondsbeloftes. (Efe. 1:14, 2:12) Al die verbondsbeloftes wat God onderneem hoe om vir ons God te wees, bewerk Christus as verdienste en maak die Heilige Gees deel van ons en ons lewe. Christus bewerk God die Vader se liefde, genade, guns en barmhartigheid en ons vergifnis, heiligheid, regverdigheid en onberispelikeid in God se liefde. Die Heilige Gees is hoe die Vader ons in alles wat Christus bewerk by insluit en deel maak van ons en ons lewe.

God die Vader maak ons sy kinders deur alles wat Christus bewerk en die Gees ons in laat deel. Daarom kondig Paulus aan dat God die Vader ons met die volheid van alles wat Hy vir ons bewerk het mee vervul.

Dit is hoe God die Vader sy kinders sy woning maak – om hulle alles as Vader mee te versorg en hulle alles te maak en laat wees wie Hy sy kinders wil laat wees vir Hom.

7. Daarom kondig Paulus aan dat die kerk is die “huisgesin” van God.” (Efe. 2:19) Huisgesin want Hy is vir hulle Vader en hulle is vir Hom kinders!

Paulus beskryf die onderlinge verbintenis van hulle wie God sy woning maak met 'n paar belangrike woorde wat wys hoe God die Vader se kinders sy woning is: medeburgers (Efe. 2: 19), medelede, deelgenote van die belofte en mede-erfgename. (Efe. 3: 6)

God die Vader woon nie by hulle wie nie só ingesluit word in Christus deur die Gees nie. Hulle is vir God die Vader vreemdelinge en bywoners. Hulle is vervreem van die burgerskap van God se volk, vreemdelinge ten opsigte van God se verbondsbeloftes en hulle is sonder Christus. (Efe. 2: 12, 19)

Vir hulle is God se skepping net 'n blyplek. God die Vader laat hulle nooit deel wees van sy woning nie. Hy is nie vir hulle Vader nie en hulle is nie vir Hom kinders nie.

God die Vader woon in die liggaam van Christus deur Gees

Ons wie in Jesus Christus glo, ons is die woonplek wat God die Vader vir Homself opgebou het! Hy is vir ons volkome Vader en Hy laat ons in alles sy volkome kinders wees!

8. Ons word vandag van God die Vader en sy woonplek, die kerk, vervreem deur 'n nuwe soort blyplek wat geestelikes verkondig en leer van kansels en kateders!

Hierdie moderne Christelikheid verkondig dat jy jou lyf vir 'n goddelike gees 'n blyplek moet maak, en dan noem hulle hierdie goddelike gees die Heilige Gees sodat dit Christelik met klink! ! Vir hulle is die kerk nie meer God die Vader se woning nie, maar elce mens wie sy lyf vir 'n goddelike gees se blyplek maak, is 'n blyplek op sy eie. Hulle noem dit inwoning van God, vervulling met die gees of doop met die gees.

Dit is nie somer net moedswillige verdagmakery nie. Dit is hoe hierdie moderne geestelikheid hulle self sien en hulle eie boodskap preek.

Hulle sal eers kom en vir jou vertel jy is nie 'n kind van God nie, al glo jy in Jesus Christus! Om 'n kind van God te word, moet jy nie glo wat god die Vader met jou in Christus doen deur sy Gees nie. Jy moet God innooi in jou lewe en God deel van jou lewe maak! Hulle bedoel dit letterlik dat god in jou menswees inkom en sy goddelikheid deel maak van jou en jou lewe!

As jy dit klaar gedoen het, dan word daar in hierdie geestelikheid van Korea tot in Argentinië, van Suid Afrika tot in die Noorde van Duitsland gepreek dat jy nog nie God se goddelike gees binne in jou het nie, al het jy God nou in jou lewe ingenooi. god se goddelike gees kan eers in jou lewe inkom en die beheer van jou lewe oorneem – wanneer jy jouself 'n leë blyplek vir hierdie goddelike gees gemaak het.

Jy moet jouself 'n leë blyplek maak deur jou eie-ek dood te maak, jou eie belange te kruisig, jouself niks te maak nie, jou selfbeheer prys te gee, niks self meer te besluit, te beplan en te doen nie. Jou eie drome en ideale prys te gee sodat jy vir hierdie goddelike gees 'n leë blyplek kan wees wat jou vir sy goddelike mag, krag en lewe gaan gebruik.

9. Hulle noem God wie i jou lewe inkom, Jesus en die goddelike gees vir wie jy 'n leë blyplek binne in jouself moet maak, die “Heilige Gees.” Hulle noem God wat in jou inkom jou bekering en die goddelike krag wat jou beset, die doop of vervulling met God se Gees.

En die laaste een is die belangrikste, want net Jesus binne in jou, maak dat jy nog sonder hierdie goddelike gees binne in jou se krag, mag en lewe, leef. Jesus self is net die eerste stap na die groot stap om jouself 'n leë blyplek van 'n goddelike gees te maak. Die volheid is dat hierdie goddelike gees jou hele lewe en selfwees so sal

God die Vader woon in die liggaam van Christus deur Gees

beset dat jy niks is behalwe net 'n leë lyf vir hierdie goddelike gees wat binne in jou bly nie.

Wat se gees is hierdie goddelike gees wat gepreek word vir wie jy jouself 'n leë blyplek moet maak?

Dit is 'n Vaderlose gees! Dit is mos presies hoe dit gepreek word! Jy het nog nie vir Jesus nie, jy moet eers God binne in jou innooi voor jy vir Jesus “kry.” Jy is nog nie met hierdie goddelike gees gedoop of vervul nie, al het jy Jesus binne jou. Jy moet jouself eers leeg maak voor jy hierdie goddelike gees binne jou kry.

En die Vader? Wanneer kry jy die Vader? U kan dit wêreldwyd in al die boeke, preke, Bybelstudies en universiteitslesing gaan toets! Jy is godloos en moet Jesus innooi, jy is geesloos en moet leeg word vir die gees, dan het jy Jesus en die gees, maar nooit word verkondig hoe jy die “Vader kry” nie.

Hierdie goddelike gees wat mense sy leë blyplek maak, is 'n Vaderlose gees. Dit sien ons in die nuwe manier waarop hulle wat vir hierdie goddelike gees 'n blyplek is, bid – hulle roep nie meer God die Vader van die Seun aan nie. Hulle noem God nou “pappa.” Dit is regtig hulle bid en mense leer bid wie se lywe vir hierdie goddelike gees 'n blyplek is.

Hulle noem God nou somer “pappa” of “Vader-god” want God is vir hulle net 'n leë vaderfiguur. God as Vader wie sy kerk sy woonplek maak in Christus deur sy Gees, is vir hulle net 'n leë Naam vir 'n leë vaderfiguur net so leeg soos hulle in hul self is deur die goddelike gees wat hulle beset. Hierdie “pappa-god” of vader-god” het van mense wie met hierdie goddelike gees beset is, vreemdelinge en bywoners van God die Vader gemaak.

'n Vaderlose gees vir vaderlose mense! 'n Goddelike gees binne leë mense! Hierdie goddelike gees wat nou binne mense bly is die gees van mag, nie die Gees wie ons in die Vader se liefde insluit en in sy liefde laat leef nie. 'n Goddelike vaderlose mag wat mense leegmaak van hulle menswees vir 'n sogenaamde goddelike lewe!

Wat noem die Woord van God hierdie gees wat binne in mense blyplek gegee word? Paulus noem dit in Efe. 2: 2: “dié gees wat nou aan die werk is onder die kinders van die ongehoorsaamheid.” Hierdie goddelike gees waarmee mense gedoop en vervul word, is nie die Gees wie mense God se kinders maak as sy woning nie. Dit is die gees van die kinders van ongehoorsaamheid – vreemdelinge en bywoners!

10. Hoe maak God sy woning by ons?

God die Vader woon in die liggaam van Christus deur Gees

Deur as God die Vader vir Homself 'n huis vol kinders te maak wat Hy vervul met die volheid van alles wie Hy as God die Vader vir sy kinders is en hulle vir Hom laat wees?

of

Deur van ons te eis om ons leeg te maak van alles wat ons innerlike as mens is sodat Hy as 'n goddelike gees alles in ons verdring en beset sodat ons net 'n leë lyf vir sy goddelike krag, mag en lewe sal wees?

Dit kan mos nooit laasgenoemde wees nie?

Maar dit is die gees van die moderne Christelikheid, leë mense vir 'n goddelike gees! Hierdie goddelike gees is die God se Gees nie. Dit kan nooit die Heilige Gees wees nie want die Heilige Gees is die Gees van die Vader wat ons volkome kinders vir 'n Volkome Vader maak.

Hierdie goddelike gees is die gees van die kinders van ongehoorsaamheid. Hulle wat vol goddelike mag hulself verhef bo die verheerliking van God die Vader. Dit moet ons ontdek! Die gees wat vandag die Gees van God genoem word, is die goddelike gees van die kinders van ongehoorsaamheid. Die gees vervul jou nie maar ontleding en beset jou sodat hulle al hul ongehoorsaamheid as liefde in en deur jou kan uitleef.

Hoe dink u het dit gebeur dat kerke nou selfdegeslag huwelike inseën as die liefde van God in mense se lewe? Is dit hoe God die Vader verheerlik word deur kinders wat Hy met die volheid van sy liefde vervul of is dit hoe God die Vader 'n leë vaderfiguur in wie se naam sonde as liefde geleef kan word?

U kan Uself nooit vir God die Vader leeg maak van alles wie u is om vir Hom 'n woning te maak nie. Dit is niks anders as 'n leë blyplek vir die gees van die kinders van ongehoorsaamheid nie.

Kom ons vertrou God die Vader om ons sy woning te maak deur ons sy kinders te laat wees wat Hy met die volheid van sy liefde en sorg as Vader vervul – deur ons in Christus in te sluit deur die krag van die Heilige Gees.

God die Vader het Homself by ons ons as gelowiges in Christus tuisgemaak. Kom ons leef in hierdie tuiste van sy Vaderskap.